HEIDELBERG NIGEL HERAUT
Wednesday, 6 September 2006, p. 5

Top-sakevroue finaliste vir Heidelberg by glansgeleentheid aangewys

HEIDELBERG - Die nominasies vir SA Raad vir Sakevroue in Heidelberg is ontvang en die wenners sal tydens 'n glans geleentheid by Hoffeldts Restaurant aangewys word.

'n Formele vyfgang maaltyd, gevolg deur die optrede van Gerhard de Beer is maar twee items op die spyskaart vir die aand. Die nuutgestigte tak vir sakevroue is ook bevoorreg om hul lede sertifikate en balkies van Diana Becker (president van die SA Raad vir Sakevroue) te ontvang. Sy en Elise Coetser (vise voorsitter) gaan die glansaand bywoon wat vir alle sakevroue 'n moet is.

n Motiveringstoespraak deur Bradley Bouwer (verkoop-, bemarking- en persoonlike verhoudingsbestuurder) van Forever Resorts Groep is nog een van die aand se hoogtepunte. Forever Resorts borg ook die jaar se pryse van die wenners in elk van die drie kategorieë.

Die volgende sakevroue is vir die sakevrou van die jaar kompetisie genomineer: Anita Bester, Ronelle Hoffeldt, Liza Baruffa, Sandra Taljaard, Susan Van Coller en Charmaine Oosthuizen.

Die wenners kwalifiseer outomaties om met die top-sakevroue regoor die land tydens die prestige aand in Pretoria hul besigheid op nasionale vlak te meet. Die prys vir die nasionale wenner is iets besonders en maak duisende deure in die sakewêreld oop.

Die SA Raad vir Sakevroue nooi alle vroue om die glans geleentheid op 12 September by te woon. Die aand begin om 18:30 en Anita Bester 082 888 1938 of Susan Van Coller 083 307 6769 kan vir kaartjies en navrae geskakel word.